INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

WINDOWS 10 IS OPPAD



As jy `n Windows 7 of 8.1 gebruiker is, sou jy dalk gedurende die afgelope twee weke `n kennisgewing van Microsoft op jou skerm sien opspring het. Hierdie poging is deel van 'n baie direkte bemarkingsveldtog vir hul nuutste produk, die Windows 10 bedryfstelsel.

"Wat het van Windows 9 geword?", vra jy? Dit blyk of Microsoft besluit het om die volgende logiese benaming, Windows 9, heeltemal oor te slaan en direk van 8 na 10 te beweeg.

Die maatskappy voer aan dat Windows 10 so drasties verskil van 8 dat hulle nie bloot net numeries kon voortgaan nie. Toevallig was Windows 8 ook onpopulêr en minder suksesvol by gebruikers.

Wat die rede ookal is, Windows 10 is in September verlede jaar aan die media bekendgestel en gaan, volgens Microsoft, einde Julie uitgerol word aan die publiek. Die nuus wat egter op almal se lippe is, is dat Microsoft Windows 10 gratis bied aan almal wat tans Windows 7 Service Pack 1 of Windows 8.1 gebruik.

Sommige personeel mag `n kennisgewing van Microsoft  ontvang het waarin daar gevra word of jy wil opgradeer. As jou antwoord "ja" was, word `n kopie vir jou gereserveer en sal jy sal laat weet word wanneer dit beskikbaar is. Jy kan dan kies óf en wanneer jy dit wil aflaai en installeer.

MAAR, net omdat Microsoft vir jou `n boodskap gestuur het, beteken dit nie dat jou rekenaar die nuutjie sal kan hanteer nie.

En, soos met enige nuwe sagteware, het die eerste weergawes nog skaafwerk nodig en kom daar hier en daar haakplekke voor. IT gaan eers Windows 10 deeglik toets en gebruikers in kennis stel wanneer dit veilig is om te gebruik.

Probeer maar eerder nog `n bietjie uithou en kyk uit vir kennisgewings op Twitter en in Bits & Bytes.

Te danke aan Microsoft se deeglike bemarking lyk Windows 10 egter belowend en moontlik `n verbetering op sy voorganger. (meer inligting is beskikbaar op Microsoft se webwerf). Sommige funksionaliteit is nie noodwendig al beskikbaar aan alle gebruikers nie en Windows Media Center, sowel as sagteware vir DVDs in die slag.

Die mees sigbare veranderinge is die byvoeging van Cortana, `n persoonlike assistent - moontlik Microsoft se antwoord op Apple se minder suksesvolle Siri en Microsoft Edge, Internet Explorer se plaasvervanger.

Meer antwoorde oor die opgradering na Windows 10 word ook deur die Guardian beantwoord

Posted in:Algemeen | Tagged:Windows 10 | With 0 comments